



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NATIONAL SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE**

**NOVEMBER 2019**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

**AFDELING A****VRAAG 1****1.1 Meervoudigekeuse-vrae**

1.1.1	A ✓✓		
1.1.2	C ✓✓		
1.1.3	B ✓✓		
1.1.4	D ✓✓		
1.1.5	B ✓✓		
1.1.6	A/B ✓✓		
1.1.7	D ✓✓		
1.1.8	C ✓✓		
1.1.9	C ✓✓		
1.1.10	A ✓✓	(10 x 2)	(20)

**1.2 Pas kolomme**

1.2.1	G ✓✓		
1.2.2	C ✓✓		
1.2.3	E ✓✓		
1.2.4	A ✓✓		
1.2.5	K ✓✓		
1.2.6	H ✓✓		
1.2.7	I ✓✓		
1.2.8	F ✓✓		
1.2.9	L ✓✓		
1.2.10	B ✓✓	(10 x 2)	(20)

**1.3 Korrekte landboukundige term**

1.3.1	Varsprodukte mark/Veiling ✓		
1.3.2	Glas bottels/Glas flesse/Stewige verpakkings ✓		
1.3.3	Kleinkasbewys ✓		
1.3.4	Tjek ✓		
1.3.5	Gradering ✓	(5 x 1)	(5)

**1.4 Onderstreepte woorde**

1.4.1	Monitering/Kontrole ✓		
1.4.2	Veldbestuur/Wisselweiding ✓		
1.4.3	Selektiewe beweiding ✓		
1.4.4	Finansiële ✓		
1.4.5	Dissiplinêr ✓	(5 x 1)	(5)

**TOTAAL AFDELING 50**

**AFDELING B****VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING**

- 2.1 **VIER funksies van grond in gewas produksie.**
- Grond laat lugbeweging toe ✓
  - Grond laat waterinfiltrasie ✓
  - Storing van water toe ✓
  - Grond dien as 'n medium waarin plante groei ✓
  - Grond dien as 'n habitat vir organismes (diere) ✓
  - Grond speel 'n rol in koolstofvaslegging ✓
  - Grond speel 'n rol in die regulering van klimaat ✓
  - Verskaf voedingstowwe aan plante ✓ (Enige 4) (4)
- 2.2 **Kontoerploeg**
- 2.2.1 **Kontoerploeg en veilige aflei van oppervlak water**
- Riwwe word gevorm/geploeg volgens die kontoer ✓
  - Die water wat versamel agter die kontoer word afgelei na uitgemete waterbane met 'n aanvaarbare helling ✓
  - Die waterbaan lei dan afloopwater na damme of strome ✓ (Enige 2) (2)
- 2.2.2 **Kontoerploeg en terrasse**
- **Kontoerploeg**  
Volg die natuurlike vorm van die helling sonder om dit te verander ✓  
Word teen matige hellings gebruik ✓ (Enige 1)
  - **Terrasse**  
Verander die vorm van die helling deur plat terrasse te vorm/bou ✓  
Word teen steil hellings gebruik ✓ (Enige 1) (2)
- 2.3 **Grond dreinerings en kleur**
- 2.3.1 **Grys grondkleur**
- Is gewoonlik 'n kleigrond wat uit klein deeltjies bestaan met 'n groot hoeveelheid mikro-porieë, wat dui op hoë waterhoudingsvermoë ✓
  - Die plaatagtige struktuur dui ook op swak dreinerings ✓
  - Die grys kleur toon gewoonlik waterversadigde grond ✓ (Enige 2) (2)
- 2.3.2 **pH-skaal**
- Persentasie H<sup>+</sup>/pH-skaal word verteenwoordig deur 'n nommer tussen 0(1) en 14 ✓
  - Verteenwoordig die grond se suurheid ✓ of alkaliniteit (basis) ✓
- Betekenis**  
Die grond pH is 7,8 – wat daarop dui dat die grond alkalies is ✓ (4)
- 2.3.3 **Verbeter pH**  
Voeg gips (kalsiumsulfaat) by ✓ (1)

**2.3.4 Verander metode van bewerking na bewaringsboerdery.**

- Jong boer moet skoonbewerking staak ✓
- Moet verminderdebewerking gebruik – Geen bewerking/deklaag (/stoppelbewerking ✓
- Byvoeging van organiese materiaal (Enige 1) (1)

**Motivering vir verandering**

- Laer brandstofverbruik ✓
- Masjineriekostes – slytasie is laer ✓
- Is meer aanpasbaar en vinniger om nader aan optimale planttyd te kom ✓
- Beste vir die bestuur van water en gronderosie ✓ (Enige 3 as motivering) (3)

**2.4 Arbeidspraktyke en posisionering van geboue.**

- Werker hoef nie tyd en energie te mors deur langafstande af te lê tussen werkstasies nie, dit sal hulle in staat stel om meer effektief te werk, om vinniger by plek van werk uit te kom ✓
- Werkers moet in 'n skoon, gemaklike en verligte omgewing werk, met toegang tot ablusie geriewe en behuising; alles naby werkplek ✓
- Opleiding in posisionering en tydbestuur ✓ (Enige 2) (2)

**2.5 Verskillende tipes kapitaal en voorbeeld van elk.**

- Vaste kapitaal ✓ – geboue, damme, drade. ✓
- Beweeglike kapitaal ✓ – lewende hawe, implemente, gereedskap ✓
- Bedryfs-/vlottende /roerend/losgoed kapitaal ✓ – Voer, kunsmis, saad en brandstof ✓ (Enige relevante voorbeeld) (6)

**2.6 Boerderymetodes****2.6.1 Boerderymetode**

- A = Semi-intensiewe produksie ✓
- B = Ekstensiewe produksie/Vrylopend ✓
- C = Intensiewe produksie ✓ (3)

**2.6.2 a) Arbeidsvereistes**

- Metode B (Ekstensiewe metode) \_Lae arbeidsinsette ✓
- Metode C (Intensiewe metode) Hoë arbeidsinsette ✓

**b) Afhanklikheid van tegnologie**

- Metode B Min afhanklik van tegnologie gebruik ✓
- Metode C Hoogs afhanklik van tegnologie gebruik ✓ (4)

**2.6.3 Organiese boerderymetode****Antwoord A (Boerdery metode A)** ✓**Motivering**

- Voer wat diere eet is meer natuurlik – minder hormone, chemikalieë ens. ✓
- Minder skadelik vir die omgewing ✓
- Laer produksie per hektaar - laer koolstofemissies ✓

**Antwoord B (Boerdery metode B)** ✓**Motivering**

- Voer wat diere eet is meer natuurlik – geen hormone, geen chemikalieë ens. ✓
- Minder skadelik vir die omgewing ✓
- Laer produksie per hektaar – laer koolstofemissies ✓

(Enige 2 vir motivering) (3)

**2.7 Presisieboerdery in diereproduksie****2.7.1 Presisieboerdery wat kan help in die verdeling van kampe**

- GIS – Globale informasie sisteem Kleurlugfotos /beelde/Hommeltuie "drones"/GPS ✓

(1)

**2.7.2 Vereistes van kampe vir diereproduksie**

- Die kampe moet skaduwee en skuiling, bv. bome vir diere ✓
- Skoon en vars drinkwater moet altyd beskikbaar wees ✓
- Die bron van water moet so na as moontlik in die middel wees om loopafstand te beperk ✓
- Genoeg smaaklike voer ✓
- Topografie moet dit toelaat ✓
- Geskikte heinings ✓

(Enige 2) (2)

**2.7.3 Presisieboerdery wat kan help om diere op te spoor**

- Dier moet gemerk wees met GPS-elektroniese oorplaatjies ✓
- Vee kan opgespoor word deur hommeltuie te gebruik ✓
- Geo-grense kan gestel word vir die plaas ✓
- Afgeleë kameras ✓
- Gebruik RFID oorplaatjies op diere ✓

(Enige 2) (2)

**2.8 Begrotings****2.8.1 Instandhoudingsbegroting** ✓

(1)

**2.8.2 Kontantvloei begroting** ✓

(1)

**2.8.3 Geheelplaas begroting** ✓

(1)

**2.8.4 Gedeeltelike begroting** ✓

(1)

**2.8.5 Vertakkingsbegroting** ✓

(1)

**2.9 'n Begroting word eenmalig opgestel en dan geliasseer**

- Die begroting moet voortdurend opgedateer/bygehou word ✓

Die begroting word gebruik:

- Om vordering te meet ✓
- Vir beplanning vir regstellende aksies ✓
- Om veranderlikes te korrigeer ✓
- Om werklike syfers met begrote syfers te vergelyk ✓

(Enige 3)

(3)  
**[50]**

**VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING,  
BESIGHEIDSBEPANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU****3.1 Besigheidsbeplanning****3.1.1 Beskrywing van 'n visie verklaring**

- Beskryf die toekomstige langtermyn doelwitte en doelstellinge van 'n boerdery onderneming ✓ (1)

**3.1.2 TWEE redes vir oorsig van besigheidsidee.**

- Verandering in prys ✓
- Klimaatsverandering ✓
- Bekendstelling van modern tegnologieë aan die boerdery ✓ Enige 2) (2)

**3.1.3 Nut van SWOT-analise om prestasie van plaas te bepaal**

- Die sterk punte van die boerdery kan bepaal word ✓
- Die swak punte (aspekte wat die groei van die plaas belemmer, kan geïdentifiseer word) ✓
- Die geleenthede wat in die onderneming of vir die onderneming bestaan, kan erken word ✓
- Enige bedreigings (wat die toekomstige uitbreiding van die onderneming kan teenstaan) kan geïdentifiseer word ✓ (4)

**3.2 Entrepreneurskap****3.2.1 Eienskappe wat die suksesvolheid van die entrepreneur bepaal.**

- Selfvertroue ✓
- Risiko-nemer ✓
- Bestuursvaardighede ✓
- Hardwerkend ✓
- Inisieer dinge / selfgedrewe ✓
- Menseverhoudinge ✓
- Hanteer verantwoordelikhede ✓
- Visionêr/dromer ✓
- Sien geleenthede ✓
- Besluitnemer ✓
- Betroubaar ✓
- Leierskap ✓
- Energiek ✓ (Enige 4) (4)

**3.2.2 TWEE risiko's wanneer jy met jou eie besigheid begin**

- Besigheidsrisiko ✓
- Finansiële risiko ✓
- Politiese/wetlike risiko ✓
- Omgewingsrisiko ✓ (Enige 2) (2)

**3.3 Bemarking****3.3.1 Grootte van die mark**

Hoe groter die mark hoe hoër behoort die verkope van die produk te wees ✓ (1)

**3.3.2 Produsentevoorkeur**

Verbruikers verkies verskillende produkte na gelang van hulle behoeftes. ✓ (1)

**3.4 Bemerkingsmengsel****3.4.1 Markveranderlikes**

- A. Produk ✓
- B. Prys ✓
- C. Plek ✓
- D. Promosie / Advertering ✓ (4)

**3.4.2 Faktore wat in ag geneem moet word by die bemerking van 'n produk.**


- Kwaliteit van produk ✓
- Grootte van die produk ✓
- Produk voorstelling ✓
- Verpakking ✓ (Enige 2) (2)

**3.4.3 Maniere om promosie te bereik**

- Advertering van die produk ✓
- Uitstalling van die produk ✓
- Persoonlike verkope/Direkte verkope ✓
- In die winkel promosie ✓ (Enige 2) (2)

**3.4.4 Aspekte wat prys beïnvloed**

- Koste ✓
- Vraag ✓
- Aanbod ✓
- Kompetisie ✓ (Enige 2) (2)

**3.5 Produksie orde****3.5.1 Produksie en bemerkingsorde****Nasienrubriek**

- Volgorde – CA merk (6)



### 3.5.2 Redes waarom hoër pryse vir landboupprodukte betaal word

- Opbergingskoste ✓
- Vervoerkostes ✓
- Prosesseringskoste ✓
- Tussenganger/Agentkoste/Middelmann ✓
- Vraag en aanbod ✓
- Gebruikersvoorkeure/Varsheid ✓
- Wisselkoers/Inflasie ✓

(Enige 3) (3)


### 3.5.3 Die poelstelsel

- Koöperatiewe bemarkingsstelsel ✓

(1)

## 3.6 Vraag en aanbod

### 3.6.1



#### Eienskappe van rubriek

- Korrekte opskrif ✓
- X-as en Y-as korrek benoem, gekalibreer en eenheid ✓
- Sleutel vir grafieke aangedui ✓
- Korrekte tipe grafiek ✓
- Akkurate vraag-grafieke ✓
- Akkurate aanbod-grafieke ✓ CA-merk

(6)

### 3.6.2 Noem die jaar wanneer verkopers sal wil verkoop

- 2014 ✓

(1)

### 3.6.3 Noem die jaar wanneer kopers sal wil koop

- 2017 ✓

(1)

**3.7 Direkte en indirekte kompetisie****3.7.1 Direkte kompetisie**

- Geblikte vrugte teenoor vars vrugte ✓
- Gevriesde groente teenoor vars groente ✓
- Koffie bone teenoor. kits koffie ✓ (3)

**3.7.2 Indirekte kompetisie**

- Margarine teenoor. botter✓
- Witvleis teenoor rooivleis✓ (2)

**3.8 Plaas areas kaart**

- Weikampe/landerye / Plantegroei ✓
  - Geboue ✓
  - Waterhulpbronne - Waterkrippe en damme/grond of gebou/windpompe ✓
  - Lyn drade ✓
  - Kamp grotes en nommers ✓
  - Paaie ✓ (Enige 2) (2)
- [50]**

**VRAAG 4: OES, VERWERKING, BESTUUR EN AGRITOERISME****4.1 Oes van landbougewasse****4.1.1 Fisiologiese gewasrypheidaanwysers**

- Kleur van gewas ✓
  - Vorm ✓
  - Grootte ✓
  - Blaarverkleuring ✓
  - Fermheid ✓
  - Suiker gehalte ✓
  - Vog ✓
  - Blomvorming ✓
- (Enige 3) (3)

**4.1.2 Nadele van handoes**

- Baie stadig ✓
  - Gewas wat geoes word mag dalk besoedel wees ✓
  - Slegs 'n klein area kan per dag geoes word ✓
  - Word deur weersomstandighede bepaal ✓
  - Diefstal van oesgewas kan plaasvind ✓
  - Arbeidsintensief ✓
- (Enige 4) (4)

**4.2 Voordele van toepassing van goeie landboukundige praktyke**

- Hou finansiële voordele in vir die produsent ✓
  - Verbruiker kry 'n kwaliteit produk ✓
  - Moontlike verspreiding van peste en plae word geëlimineer ✓
  - Chemiese besoedeling word geëlimineer ✓
  - Moontlike allergieë word geëlimineer ✓
  - Produkte wat siektes veroorsaak word geëlimineer sowel as die kostes om dit te hanteer ✓
  - Beskerm boerdery hulpbronne ✓
- (Enige 4) (4)

**4.3 VYF take wat die bestuurder moet oorweeg rakende arbeid**

- Aanstelling en ontslag van werkers ✓
  - Die opstel van pligtetaat/spesifikasies vir elke taak ✓
  - Die verspreiding van werk tussen werkers ✓
  - Kennis- en vaardighedsopleiding vir werkers ✓
  - Besoldiging/bevordering/motivering van werkers ✓
  - Ontspanning/sosiale/kulturele aspekte van arbeidsbestuur ✓
- (Enige 5) (5)

**4.4 Gevare waaraan verbruikers blootgestel kan word deur varsprodukte te gebruik**

- Biologiese gevare - mikro-organismes, virusse, fungi en parasiete kan op produk voorkom ✓✓
  - Chemiese gevare - skadelike chemikalie wat gebruik is tydens produksie proses, hantering en opberging kan op produk voorkom ✓✓
  - Fisiese gevare – deeltjies van materiaal wat nie deel is van die produk nie kan in die produk voorkom en mag 'n bedreiging inhou ✓✓
- (6)

**4.5 Verpakking in land en vervoer**

- Behouering / massabehouering ✓
- Poliëtileen sakke ✓
- Plasties kratte ✓
- Houkratte ✓
- Hout of groot plastiekhousers ✓
- Aluminium kratte ✓
- Trollie/sleepwaens/vragmotors ✓

(Enige 5) (5)

**4.6 Faktore wat die metode van opberging bepaal vir aangeplante landbou produkte**

- Die vog inhoud van die finale produk vanaf die land ✓
- Die relatiewe humiditeit van die omgewing tydens die stoor periode ✓
- Volume en tipe produk ✓

(Enige 2) (2)

**4.7 Waarde toevoeging****4.7.1 Voordele van waardetoevoeging in landboubesigheid**

- Verhoging in prys vir die produk wat verwerk word ✓
- Produk is beskikbaar regdeur die jaar ✓
- Produk het 'n langer raklewe ✓
- Bepaal jou eie inkomste ✓
- Skep 'n groter kliënte basis ✓
- Verskaf werksgeleenthede ✓
- Verbeter smaak ✓
- Verhoog Bruto Binnelandse Produk
- Spaar plek tydens opberg/storing ✓

(Enige 4) (4)

**4.7.2 Gebruik van natuurlike preserveermiddels wat mikrobe aktiwiteit op voedsel voorkom**

- Speserye ✓ – bevat chemikalieë wat die groei van mikro-organismes inhibeer ✓
- Sout ✓ – hoë sout konsentrasies het 'n inhiberende effek op mikro-organismes ✓
- Versoeters ✓ – hoë suiker konsentrasies kan mikrobe aktiwiteit stop ✓

(6)

**4.8 Die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels 1972 (Wet 54 van 1972)**

- Alle bestanddele moet genoem word ✓
- Lys bestanddele in volgorde van massabydrae – hoofbestanddeel eerste ✓
- Preserveermiddels / bymiddels moet genoem word ✓
- Allergieë moet uitgewys word ✓
- In suiwer produkte hoef onbenullige bestanddele nie genoem te word nie ✓

(Enige 3) (3)

**4.9 Faktore wat die produktiwiteit van werkers bevorder****4.9.1 Fisiese beplanning van die plaas.**

- Kan verkry word deur die ligging van vaste verbeteringe hulle beplanning en implementering. Een werker kan verskeie take doen in een opdrag teen oor baie werkers wat nodig is om in verskeie afdelings opdragte voer ✓

(1)

**4.9.2 Ekonomiese eenhede**

- Die maksimum produksie moet verkry kan deur die minimum aantal werkers ✓

(1)

**4.9.3 Beplanning van die produksieproses**

- Produksieprosesse moet vooruit beplan word deur middel van 'n voorlopige program van al die operasies, sodat in spitsstye, wanneer arbeid die meeste benodig word, dit geïdentifiseer kan word sonder dat addisionele arbeid gehuur word ✓

(1)

**4.9.4 Effektiewe meganisasie**

- Effektiewe meganisasie verhoog arbeid effektiwiteit aangesien meer werk per arbeidsure gedoen kan word, die uitputtingsfaktor word deur meganisasie geëlimineer ✓

(1)

**4.10 Agritoerisme**

- Akkommodasie ✓
- Die natuurlike omgewing wat voëls en diere insluit. ✓
- Verskillende kulture en gewoontes van die omgewing. ✓
- Plaasaktiwiteite bv. melk van koeie, aanjaag van vee, oes van gewasse ens. ✓
- Plaas avonture soos, 4x4-roetes, staproetes, ens. ✓

(Enige 4)

(4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**  
**GROOTTOTAAL: 200**